7. Geen ware of produkte wat met die beroepsbeoefening te doen het, mag buite 'n gebou gestoor word nie.

8. Nie meer as 4 persone in totaal, insluitende die eienaar/okkupeerder mag by die beroepsbeoefeningsbedryf betrokke wees nie.

9. Slegs een kommersiële voertuig, wat nie 3 500 kg bruto gewig oorskry nie, mag vir die doeleindes van die beroepsbeoefeningsbedryf gebruik word. 'n Voertuig wat uitsluitlik deur die okkupeerder vir persoonlike doeleindes gebruik word, word nie as 'n kommersiële voertuig beskou nie.

2. In Section 7—

"Without prejudice to any powers of the Council under any other law, nothing in the Zoning Scheme contained shall be construed as prohibiting or restricting, or enabling the Council to prohibit or restrict the following:

1) The utilisation of a portion of a dwelling unit for the purposes of Occupational Practice.

3. In Section 7—

7.4 To include the following regulations associated with Occupational Practices:

The following regulations shall apply where a portion of a dwelling house or dwelling unit is used for purposes of occupational practice:

1. The dominant use of the erf shall be for residential purposes.

2. The premises or portion thereof may not be used for a noxious trade or risk activity.

3. No goods for sale shall be publicly displayed and no external indication of the occupational practice shall be visible. Only one unilluminated advertising sign, not exceeding 0,2 $m^2$ in size shall be allowed on the site.

4. No activities that constitute or may constitute a public source of nuisance shall be conducted.

5. On-site parking shall be provided on the property to the requirement and to the satisfaction of the Director: Civil Engineering.

6. The activities of the Occupational Practice shall not exceed 25% of the floor area of the dwelling house or a maximum of 40 $m^2$ whichever is the greater.

7. No goods or products associated with the occupational practice may be stored in the open.

8. No more than 4 persons in total, including the owner/occupant of the premises may be engaged in the occupational practice.

9. Only one commercial vehicle not exceeding 3 500 kg, gross weight, may be utilised for the occupational practice. A vehicle used by an occupant exclusively for personal purposes shall not be regarded as a commercial vehicle.



10. Besigheidsure is beperk tot slegs tussen 08:00 tot 17:00 weeksdae en 08:00-13:00 Saterdae.

11. Daar moet te alle tye voldoen word aan voorwaardes van Omgewingsgesondheid en Brandweerdienste.

12. Die Raad mag, indien hy van mening is dat enige beroep, bedryf of ambag op sodanige wyse bedryf word dat dit moontlik 'n oorlas of tot nadeel van die residensiële omgewing kan lei, 'n skriftelike kennisgewing bedien op die persoon wat sodanige professie, beroep of bedryf beoefen, en sodanige persoon versoek om—

1) aan die instruksies soos in die kennisgewing uiteengesit, te voldoen, en

2) om die gebruik van die betrokke perseel vir die beroep, bedryf of ambag te staak op die datum in die kennisgewing gespesifiseer.

10. Hours of operation is restricted to between 08:00 to 17:00 weekdays and 08:00 and 13:00 Saturdays only.

11. Requirements of Environmental Health and Fire Services must be complied with.

12. The Council may, if it is of the opinion that any occupation, trade or enterprise is being conducted in a manner which is, or is likely to be detrimental to a residential environment or a source of nuisance, serve a notice in writing on the person conducting such profession, art, trade or enterprise calling upon him/her to—

1) comply with the instructions set out in such notice, and

2) cease using the premises in question for such occupation, trade or enterprise by a date specified in such notice.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE
VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP
DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR
PROVINSIALE GEBOU, WAALSTRAAT, KAAPSTAD
POSADRES: PRIVAATSAK X.9083, KAAPSTAD 8000

PROVINCIAL ADMINISTRATION
OF THE CAPE OF GOOD HOPE
DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT
PROVINCIAL BUILDING, WALE STREET, CAPE TOWN
POSTAL ADDRESS: PRIVATE BAG X.9083, CAPE TOWN 8000

TELEGRAMADRES:
TELEGRAPHIC ADDRESS:
"PROVADMIN"

The Town Clerk
P.O. Box 100
GOODWOOD
7460

Reference: ..................
Attention: ..................

NAVRAE / ENQUIRIES: Mr Joubert
TELEFOON / TELEPHONE: 45-9320
VERWYSING / REFERENCE: AF.211/6/505

15.7.76

Sir

TOWN PLANNING SCHEME: REDUCTION OF STREET BUILDING LINES IN EDGEMEAD

1. Your letter No. M.5/6 dated 9 June 1976.

2. The Administrator has authorised your Council, in terms of section 57 of Ordinance No. 33 of 1934, to depart from its town planning scheme by allowing Messrs Garden Cities to erect in Edgemead and it's extensions, garages and carports the sides of which are sited parallel to the street, to within 1,5 m of the street boundary, subject to the conditions contained in your letter under reply, notwithstanding the fact that this will be in contravention of the 4,5 m street building line prescribed by your Council's Town Planning Scheme, provided this approval shall -

2.1 be taken to cover only the abovementioned departure from the town planning scheme and shall not be construed as authority to depart from any other legal provision.

Yours faithfully

JM DIRECTOR OF LOCAL GOVERNMENT

MUNISIPALITEIT
19 JUL 1976
GOODWOOD
MUNICIPALITY

CARPORTS – 7.5m width on street
6.0m deep



sygrens nie, met dien verstande dat die gesamentlike syruimte minstens 4,5 m moet wees, en

4. indien die front van 'n erf 22 m of minder in lengte is, 1,5 m van enige sygrens nie.

2. Ondanks hierdie boulyne, maar onderworpe aan die Raad se toestemming, kan 'n buitegebou wat uitsluitend vir die stalling van motorvoertuie gebruik word binne sodanige sy- en agterruimtes opgerig word en kan enige ander buitegebou van dieselfde hoogte binne die agterruimte en syruimte opgerig word vir 'n afstand van 11 meter gemeet van die agtergrens van die terrein of in die geval van hoekpersele vanaf die punt wat die verste is vanaf die strate wat die perseel begrens.

3. 'n Buitegebou ingevolge subparagraaf 8.1.1.2 mag slegs nader aan 'n agter- of sygrens van 'n perseel opgerig word as die afstand voorgeskryf vir woonhuise indien geen vensters of deure in enige muur wat op sodanige grens front, aangebring word nie.

4. Nieteenstaande hierdie boulyne maar onderworpe aan die verkryging van die skriftelike toestemming van die aangrensende eienaar of eienaars wie geraak word, mag die Raad 'n verslapping van die agtergrens en sygrens-boulyne toelaat.

5. Waar dit die voorneme is om 'n aantal erwe in hierdie sone te konsolideer ten einde 'n kompleks van wooneenhede op te rig sal sodanige kompleks nie meer wooneenhede bevat as wat moontlik was onder die bepalings van hierdie skema voor konsolidasie nie en toestemming sal nie verleen word tensy die Raad tevrede is dat die eiendom op so 'n wyse ontwikkel word dat toekomstige onderverdeling van die gekonsolideerde eiendom nie moontlik is nie. Ook mag die hoogte van die geboue nie twee verdiepings oorskry nie.

lateral boundary provided that the aggregate side space shall be not less than 4,5 m, and

4. if the frontage of an erf is 22 m or less 1,5 m to any lateral boundary.

2. Notwithstanding these building lines but subject to the Council's consent, an outbuilding used solely for the housing of motor vehicles may be erected within such side and rear spaces and any other outbuilding of the same height may be erected within the rear space and side space for a distance of 11 m measured from the rear boundary of the site or in the case of a corner site from the point furthest from the street boundaries abutting the site.

3. An outbuilding, in terms of subparagraph 8.1.1.2 may only be erected nearer to a lateral boundary or rear boundary of a site than the distance laid down for dwelling-houses, if no windows or doors are inserted in any wall facing such boundary.

4. Notwithstanding these building lines but subject to the consent of the adjoining owner or owners affected being obtained in writing, the Council may permit a relaxation of the rear and lateral building lines.

5. Where it is proposed to consolidate a number of erven in this zone in order to build a complex of dwelling units such complex shall not contain more dwelling units than would have been possible under the provisions of this scheme prior to consolidation and the Council's consent shall not be granted unless the Council is satisfied that the manner in which the property is to be developed will preclude any future subdivision of the consolidated property, furthermore the height of the building shall not exceed two storeys.

8.1.2 ONDERWYSPLEKKE, OPENBARE BEDEHUISE EN INRIGTINGSGEBOUE

Met uitsondering van grensmure en heinings mag geen gebou wat vir hierdie doeleindes opgerig of gebruik word nader as 9 m van enige grens van die terrein wees nie.

8.1.3 PARKERING : OPENBARE BEDEHUISE

Die vereistes ten opsigte van die minimum voorsiening vir parkering op die terrein wat vir vergaderplekke in die sakesone voorgeskryf is moet nagekom word.

8.1.4 Die maksimum dekkingsoppervlakte vir alle geboue in hierdie sone is 50 %.

8.2 ALGEMENE WOONSONES

8.2.1 LAE DIGTHEID ALGEMENE WOONSONE (G.R.1)

Die volgende bepalings is van toepassing op woonstelle, gelisensieerde hotelle en woon- en inrigtingsgeboue in hierdie sone:

8.2.1.1 MINIMUM GROOTTE VAN TERREIN

| | |
|---|---|
| Woongeboue en blokke woonstelle | 950 m² |
| Inrigtingsgeboue | 1 900 m² |
| Gelisensieërde hotelle | 3 900 m² |

8.2.1.2 MAKSIMUM DEKKINGSOPPERVLAKTE

33 ⅓ %

8.2.1.3 RUIMTES RONDOM GEBOUE

8.2.1.3.1 Geen gebou of struktuur behalwe grensmure en heinings mag nader as halfhoogte van die gebou, met 'n minimum van 7,5 m van enige straatgrens **(sien woordomskrywing van "straatgrens")** van die perseel of die nuwe straatgrens bepaal in klousule 8.2.1.7.2 wat ookal die mees beperkende op die perseel of erf is, opgerig word nie.

8.2.1.3.2 Syruimte }Halfhoogte van gebou met 'n } minimum van 4,5 m met dien }verstande dat waar die perseel

8.2.1.3.3 Agterruimte }aan 'n openbare oopruimte }grens hierdie boulynbeperking

8.1.2 PLACES OF INSTRUCTION, PLACES OF PUBLIC WORSHIP AND INSTITUTIONAL BUILDINGS

Except for boundary walls and fences no building erected or used for these purposes may be nearer that 9 m from any boundary of the site.

8.1.3 PARKING: PLACES OF PUBLIC WORSHIP

The requirements in respect of minimum on-site parking prescribed for places of assembly in the business zone shall be complied with.

8.1.4 Maximum coverage for all buildings in this zone shall be 50 %.

8.2 GENERAL RESIDENTIAL ZONES

8.2.1 LOW DENSITY GENERAL RESIDENTIAL ZONE (G.R.1.)

The restrictions applying to flats, licensed hotels, residential and institutional buildings in this zone shall be -

8.2.1.1. MINIMUM SIZE OF SITE

| | |
|---|---|
| Residential buildings and blocks of flats | 950 m² |
| Institutional buildings | 1 900 m² |
| Licensed hotels | 3 900 m² |

8.2.1.2 MAXIMUM COVERAGE

33 ⅓ %

8.2.1.3. SPACES ABOUT BUILDINGS

8.2.1.3.1 No building or structure except boundary walls and fences shall be erected nearer than half height with a minimum of 7,5 m from any street boundary **(vide definition of "street boundary")** of the site or the new street boundary provided for in clause 8.2.1.7.2 whichever is the more restrictive on the site or erf.

8.2.1.3.2 Lateral space }Half height of building with }a minimum of 4,5 m }provided that where sites

8.2.1.3.3 Rear Space }abut a public open space no }building lines shall be

}verval.

}applicable.

8.2.1.3.4 Ondanks hierdie boulyne kan buitegeboue met die Raad se toestemming in die sy- en agterruimtes opgerig word vir 'n afstand van 11m gereken van die agtergrens, of in die geval van hoekpersele, van die punt wat die verste is van die strate wat die perseel grens. Buitegeboue wat uitsluitend vir die stalling van motorvoertuie gebruik word, kan binne die syruimte tussen die beperking van 11 m en die straatboulyn bepaal deur subklousule 8.2.1.3.1 opgerig word, onderworpe aan die Raad se goedkeuring en die verkryging van die skriftelike toestemming van die aangrensende eienaar of eienaars wie geraak word.

8.2.1.3.4 Notwithstanding these building lines but subject to the Council's consent, outbuildings may be erected in the lateral and rear spaces for a distance of 11 m measured from the rear boundary of the site or in the case of a corner site, from the point furthest from the street boundaries abutting the site. Outbuildings used solely for the housing of motor vehicles may be erected in the side space between the 11 m restriction and the street building line prescribed by sub-clause 8.2.1.3.1, subject to the Council's consent and the consent of the adjoining owner or owners affected being obtained in writing.

8.2.1.3.5 'n Buitegebou ingevolge subklousule 8.2.1.3.4 mag slegs nader aan 'n agter- of sygrens van 'n perseel opgerig word as die afstand voorgeskryf vir die hoofgebou indien geen vensters of deure in enige muur wat op sodanige grens front, aangebring word nie.

8.2.1.3.5 An outbuilding, in terms of sub-clause 8.2.1.3.4 may only be erected nearer to a lateral boundary or rear boundary of a site than the distance laid down for the main building, if no windows or doors are inserted in any wall facing such boundary.

8.2.1.4 MAKSIMUM TOELAATBARE VLOER-OPPERVLAKTE-FAKTOR

| Erf grootte | Faktor |
|---|---|
| 950 - 1 450 m² | 0,4 |
| oor 1 450 m² | 0,5 |

8.2.1.4 MAXIMUM PERMISSIBLE FLOOR AREA FACTOR (BULK)

| Site Area | Bulk |
|---|---|
| 950 - 1 450 m² | 0,4 |
| Over 1 450 m² | 0,5 |

8.2.1.5 HOOGTE

Geen gebou mag twee verdiepings in hoogte oorskry nie.

8.2.1.5 HEIGHT

No building shall exceed two storeys in height.

8.2.1.6 PARKERING

Die vereistes ten opsigte van die minimum voorsiening vir parkering op die terrein wat vir woonstelle en woongeboue in die sakesone voorgeskryf is, moet in alle opsigte nagekom word.

8.2.1.6 PARKING

The requirements in respect of minimum on-site parking prescribed for flats and residential buildings in the business zone shall be complied with in all respects.

8.2.1.7 Geen gebou mag in hierdie sone op enige terrein opgerig word nie tensy -

1. die terrein aan 'n straat grens wat minstens 12,5 m breed is en hierdie straat deur middel van 'n straat of strate wat minstens 12,5 m breed is met 'n breër straat verbind is en

8.2.1.7 No building may be erected in this zone on any site unless -

1. the site abuts a street of a least 12,5 m in width which street shall be connected by a street or streets of no less than 12,5 m in width to a street of greater width and

2. alle straatgrensmure of -heinings van die terrein op 'n afstand van minstens 7,5 m van die middellyn van die aangrensende straat of strate opgerig word en die grond tussen sodanige grensmure of -heinings en die wettige straatgrens as deel van sodanige straat gemaak is, met dien verstande dat indien die grond kosteloos aan die Raad oorgedra word mag die oppervlakte daarvan ingesluit word by die oppervlakte van die erf vir die berekening van toelaatbare vloeroppervlaktes.

8.2.1.8 Die bepalings voorgeskryf vir onderwysplekke en openbare bedehuise in die enkelwoningsone, insluitende voorsiening vir parkering op die perseel, is op sodanige geboue in hierdie sone van toepassing.

8.2.2 MEDIUM DIGTHEID ALGEMENE WOONSONE (G.R.2)

Die beperkings van toepassing op geboue wat in hierdie sone opgerig word, is soos weergegee in sone G.R.1 met die volgende uitsonderings:

1. Minimum grootte van terrein vir woongeboue en blokke woonstelle - 950 m²

2. Maksimum toelaatbare vloeroppervlaktefaktor -

| Erf grootte | Faktor |
|---|---|
| 950 - 1 450 m² | 0,6 |
| 1 451 - 1 900 m² | 0,75 |
| oor 1 900 m² | 0,90 |

3. Die maksimum toelaatbare dekkingsoppervlakte is 33 ⅓ %

4. Die hoogte moet voldoen aan klousules 8.2.1 (1,2 & 3)

8.2.3 HOë DIGTHEID ALGEMENE WOONSONE (G.R.3)

Die beperkings van toepassing op geboue wat in hierdie sone opgerig word, is soos weergegee vir sone G.R.1 met die volgende uitsonderings:

2. all street boundary walls or fences of the site are erected at a distance of not less than 7,5 m from the centre line of the abutting street or streets and the land between such boundary walls or fences and the legal street boundary is made up as part of such street, provided that if the land is surrendered to the Council free of charge such land may be included in the area of the site for the purpose of bulk calculations.

8.2.1.8 The provisions prescribed for places of instruction and public worship in the single residential zone, including the provision of on-site parking, shall apply to such buildings in this zone.

8.2.2 MEDIUM DENSITY GENERAL RESIDENTIAL ZONE (G.R.2)

The restrictions applicable to buildings to be erected in this zone shall be as listed for zone G.R.1 with the following exceptions:

1. Minimum size of site for residential buildings and blocks of flats - 950 m²

2. The maximum permissible floor area factor (bulk) shall be -

| Site Area | Bulk |
|---|---|
| 950 - 1 450 m² | 0,6 |
| 1 451 - 1 900 m² | 0,75 |
| Over 1 900 m² | 0,90 |

3. The maximum permissible coverage shall be 33⅓ %

4. Height to comply with clauses (8.2.1) (1, 2 & 3).

8.2.3 HIGH DENSITY GENERAL RESIDENTIAL ZONE (G.R.3)

The restrictions applicable to buildings to be erected in this zone shall be as listed for zone G.R.1 with the following exceptions:

1. Maksimum toelaatbare vloeroppervlaktefaktor - 1,50

2. Maksimum toelaatbare dekkingsoppervlakte - 33 ⅓ %

3. Die hoogte moet voldoen aan klousules 8.2.1 (1,2 & 3)

8.3 SENTRALE SAKESONE (C.B.) EN SPESIALE SAKESONE (C.B.S.)

8.3.1 DEKKINGSOPPERVLAKTE

In hierdie sone mag die oppervlakte op die onderskeie vloerhoogtes van alle geboue op 'n terrein in verhouding tot die terreinoppervlakte nie die volgende persentasies oorskry nie:

| Doel | Dekkingsoppervlakte C.B.Sone | Dekkingsoppervlakte C.B.S. Sone |
|---|---|---|
| Blokke woonstelle en woongeboue bo die grondverdieping | 50 % | Nul |
| Gelisensieerde hotelle | 80 % | Nul |
| Sakepersele | 90 % | 90 % |
| Diensstasies | 80 % | 80 % |
| Vergaderplekke | 80 % | 80 % |
| Onderwysplekke | 80 % | 80 % |

8.3.2 MAKSIMUM TOELAATBARE VLOEROPPERVLAKTEFAKTOR

Die maksimum toelaatbare vloeroppervlaktefaktor vir verskillende gebruike in hierdie sone word hieronder aangegee met dien verstande dat die totale vloeroppervlakte vir alle geboue op enige perseel nie 3,0 mag oorskry in die geval van C.B. sone nie en nie 2,0 in die geval van C.B.S. sone nie.

| | C.B.Sone | C.B.S. Sone |
|---|---|---|
| Sakepersele | 3,0 | 2,0 |
| Gelisensieerde hotelle en inrigtingsgeboue | 2,0 | Nul |
| Woongeboue en blokke woonstelle | 2,5 | Nul |
| Openbare garages en parkeergarages | 1,5 | 1,5 |
| Onderwysplekke en vergaderplekke | 2,0 | 2,0 |

1. The maximum permissible floor area factor shall be 1,50

2. The maximum permissible coverage shall be 33⅓ %

3. Height to comply with clauses (8.2.1.1) (1, 2 & 3)

Erf 33743

8.3 CENTRAL BUSINESS ZONE (C.B.) AND SPECIAL BUSINESS ZONE (C.B.S.)

8.3.1 COVERAGE

In this zone the area at the respective floor levels of all the buildings on any site in relation to the site area shall not exceed the following percentages:

| Purpose | Coverage C.B.Zone | Coverage C.B.S. Zone |
|---|---|---|
| Blocks of flats and residential buildings above the first floor | 50 % | Nil |
| Licensed hotels | 80 % | Nil |
| Business premises | 90 % | 90 % |
| Service stations | 80 % | 80 % |
| Places of assembly | 80 % | 80 % |
| Place of instruction | 80 % | 80 % |

8.3.2 MAXIMUM PERMISSIBLE FLOOR AREA FACTOR

The maximum permissible floor area factor for different uses in this zone is given in the table below provided that the overall permissible floor area factor for all buildings on any site shall not exceed 3,0 in the case of C.B. zone and shall not exceed 2,0 in the case of C.B.S. zone.

| | C.B.Zone | C.B.S. Zone |
|---|---|---|
| Business premises | 3,0 | 2,0 |
| Licensed hotels | 2,0 | Nil |
| Residential buildings and blocks of flats | 2,5 | Nil |
| Public garages and parking garages | 1,5 | 1,5 |
| Places of assembly and places of instruction | 2,0 | 2,0 |

8.3.3 MAKSIMUM HOOGTE

1. Geen beperking word geplaas op die hoogte van enige gebou in hierdie sone nie.

8.3.4 BOULYNE

1. Straatgrense:

   1. Behoudens die bepalings van artikel 146 van Ordonnansie 15 van 1952, soos gewysig, mag sakepersele en woonstelle (wat slegs bo die grondverdieping opgerig mag word) op die straatgrens (**sien woordomskrywing van "straatgrens"**) opgerig word.

   2. Alle ander geboue, set-setbane en miniatuur gholfbane moet 4,5 m van die straatgrens af opgerig word.

2. Sygrense:

   1. Geboue op die grondverdieping mag op die sygrense van 'n erf opgerig word (sien 8.3.4.5) met dien verstande dat winkels en vergaderplekke op die sygrens opgerig mag word tot 'n maksimum hoogte van 2 verdiepings.

   2. Onderhewig aan die bepalings van 8.3.4.2.1 mag geboue bokant die grondverdieping op die sygrense van 'n erf opgerig word vir 'n maksimum afstand van 12 m gemeet van die straatgrens of straatboulyn, welke een ookal geld kragtens subparagraaf 8.3.4.1 en daarna moet hulle minstens 4,5 m of halfhoogte van die gebou of wat ookal die grootste is van die sygrens af opgerig word (**sien 8.3.4.5**).

3. Agtergrense:

   1. Geboue op die grondverdieping mag op die agtergrens van 'n erf opgerig word (**sien 8.3.4.5**).

8.3.3 MAXIMUM HEIGHT

1. There shall be no restriction on the height of any buildings in this zone.

8.3.4 BUILDING LINES

1. Street boundaries

   1. Subject to the provisions of section 146 of Ordinance 15 of 1952 as amended, business premises and flats (which may only be erected above the first floor) may be erected on the street boundary (**vide definition "street boundary"**).

   2. All other buildings, putting courses and miniature golf courses shall be set back 4,5 m from the street boundary.

2. Lateral Boundaries:

   1. Buildings on the ground floor may be erected on the lateral boundary of the erf (vide 8.3.4.5) provided that shops and places of assembly may be erected on the lateral boundary of an erf up to a maximum height of two storeys.

   2. Subject to the provisions of 8.3.4.2.1 buildings above the first floor may be erected on the lateral boundary of an erf for a maximum distance of 12 m measured from the street boundary or the street building line, whichever applies in terms of sub-paragraph 8.3.4.1 and thereafter shall be set back 4,5 m or half the height of the building, whichever is the greater (**See 8.3.4.5**).

3. Rear Boundaries:

   1. Buildings on the ground floor may be erected on the rear boundary of an erf (**vide 8.3.4.5**).

2. Geboue bokant die grondverdieping mag nie nader as 4,5 m of halfhoogte van die gebou of wat ookal die grootste is van die agtergrens van 'n erf opgerig word nie.

2. Buildings above the ground floor shall not be erected nearer than 4,5 m or half the height of the building whichever is the greater from the rear boundary of the erf.

4. 'n Gebou of deel van 'n gebou mag slegs op die sy- of agtergrense van 'n eiendom opgerig word indien geen vensters, deure of ventilasie-openings in enige muur aan sodanige grens aangebring word nie.

4. A buiding or portion of a building may only be erected on the lateral or rear boundary of a property if no windows, doors or ventilation openings are inserted in any wall on such boundary.

5. Ingeval die gemeenskaplike grens tussen twee erwe die grens tussen hierdie sone en 'n woonsone uitmaak dan is die sy- of agterruimte soos die geval mag wees wat vir laasgenoemde geld, op albei kante van die grens van toepassing vir sover dit meer beperkend is.

5. In the event of the common boundary between two erven forming the boundary between this zone and a residential zone, the side or rear space, as the case my be, applicable to the latter shall apply on both sides of the boundary insofar as it is more restrictive.

8.3.5 KERLDERVERDIEPINGS

Behoudens die bepalings van artikel 146 van Ordonnansie 15 van 1952, soos gewysig, hoef die boulynbeperkings nie nagekom te word vir sover dit kelderverdiepings betref nie.

8.3.5 BASEMENTS

Subject to the provisions of section 146 of Ordinance 15 of 1952 as amended the building line provisions need not be complied with insofar as basements are concerned.

8.3.6 UITSTEKKE

In hierdie sone word uitstekke, uitgesonderd advertensietekens wat deur die Raad ooreenkomstig die bepalings van enige ander wet goedgekeur is, oor strate en boulyne beperk tot kleinere kenmerkende boukundige dele en een vrydraende oop baldakyn tot binne 0,75 m van die sypadrand, met dien verstande dat geen gedeelte van 'n uitstek minder as 3,0 m bokant die sypaadjie mag wees en dat daar geen toegang van die gebou na die baldakyn mag wees nie.

8.3.6 PROJECTIONS

In this zone projections, excluding advertising signs approved by the Council in accordance with the provisions of any other laws, over streets and building lines shall be limited to minor architectural features and one cantilevered open canopy to within 0,75 m of the pavement edge, provided no portion of any projection shall be less than 3 m above the pavement and there shall be no access from the building to the canopy.

8.3.7 VOORSIENING VIR PARKERING OP DIE TERREIN
**(Vir op- en aflaaigeriewe sien klousule 13)**

In hierdie sone moet minimum voorsiening op die volgende grondslag op die terrein gemaak word vir die parkering en stalling van voertuie:

8.3.7 PROVISIONS FOR ON-SITE PARKING
**(For loading and off-loading facilities see clause 13)**

In this zone minimum provision shall be made on the site for parking and garaging vehicles on the following basis:

8.3.7.1 Sakepersele (insluitend winkels):

8.3.7.1 Business Premises (including Shops):

1. Sentrale Sakesone (C.B.):

Geen parkering vir sakedoeleindes in hierdie sone nie.

2. Spesiale Sakesone (C.B.S.):

Parkeerinhamme moet in dié sone voorsien word op die grondslag van 1 m² van parkeerruimte vir elke 2 m² van die bruto oppervlakte van die gebou wat vir sakedoeleindes gebruik word en die aantal parkeerinhamme sal dan bereken word op 28 m² per parkeerinham (½ of meer van 'n parkeerinham sal as een inham beskou word).

Enige aantal parkeerplekke wat uitgelê kan word op grond wat aan die Raad afgestaan moet word ingevolge die stadsaanlegskema, en wat kosteloos en sonder beperkings aan die Raad oorgedra word, mag afgetrek word van die totale aantal parkeerplekke wat ingevolge hierdie bepaling vereis word.

LET WEL: Die parkering sal ook van toepassing wees op L.B. sone.

3. As 'n alternatief vir die bepalings van paragraaf 1 en 2 hiervan kan die eienaar met die toestemming van die Raad, as die Raad van mening is dat dit uit 'n beplanningsoogpunt onwenslik of ondoenlik is om die vereiste parkeeroppervlakte op die terrein te verskaf, die voorgeskrewe grond-oppervlakte vir die parkeergeriewe elders aanskaf op 'n plek wat die Raad goedkeur, met dien verstande dat hy 'n notariële akte teen sodanige grond laat registreer ten effekte dat die Raad en die publiek vrye toegang daartoe het vir parkeerdoeleindes en die eienaar verplig is om hierdie grond gelyk te maak en van 'n oppervlakte te voorsien en dit tot genoeë van die Raad in stand te hou; die registrasiekoste van die serwituut word deur die Raad bestry.

4. As alternatief vir paragraaf 3 hiervan kan die eienaar met die toestemming van die Raad 'n bedrag aan kontant aan die Raad betaal wat gelyk is aan die belasbare skatting per vierkante meter

1. Central Business Area (C.B.):

No parking for business purposes required in this zone.

2. Special Business (C.B.S.):

Parking bays to be provided in this zone on the basis of 1 m² of parking for every 2 m² of gross area of the building used for business purposes and the number of parking bays shall then be determined at 28 m² per bay (½ or more of a bay being taken as one bay).

Any number of parking bays laid out on land required by the Council in terms of the town planning scheme and surrendered to the Council unconditionally and free of charge may be deducted from the number to be provided in terms of this section.

N.B. This parking will also apply to L.B. zones.

3. As an alternative to the provisions of paragraphs 1 and 2 hereof, the owner may, with the consent of the Council, where it is of the opinion that it is undesirable or impractical from a planning point of view to provide the required parking area on the site, acquire the prescribed area of land for the parking facilities elsewhere in a position approved by the Council provided he registers a notarial deed against such land to the effect that the Council and the public shall have a free access thereto for the purpose of parking and the owner shall be bound to level this land and surface and maintain it to the satisfaction of the Council, the cost of registration of the servitude to be borne by the Council.

4. As an alternative to paragraph 3 hereof, the owner may, with the consent of the Council, pay a cash sum to the Council equal to the ratable valuation per square metre of the land on which the building

van die grond waarop die gebou opgerig is, vermenig-vuldig met die oppervlakte van die grond wat ingevolge paragrawe 1 of 2 hiervan verskaf moet word en in so 'n geval moet die Raad self die nodige grond vir sodanige parkeerdoeleindes aanskaf.

8.3.7.2 Blokke woonstelle en Woongeboue:

Een parkeerruimte vir elke wooneenheid (woonstel) of, in die geval van hotelle, losieshuise en ander woongeboue, vir elke 2 slaapkamers plus 'n addisionele 20 parkeerruimtes in die geval van 'n gelisensieerde hotel. Van die parkeerruimtes hierbo voorgeskryf moet een parkeerruimte vir elke vier wooneenhede of vyf slaapkamers in die geval van hotelle, losieshuise en ander woongeboue en die 20 addisionele parkeerruimtes vereis vir 'n gelisensieerde hotel, onbedek op die perseel voorsien word en duidelik afgebaken en paslik deur middel van 'n kennisgewingbord tot bevrediging van die Raad aangedui word vir gebruik deur besoekers aan die perseel.

8.3.7.3 Vergaderplekke:

'n Minimum oppervlakte moet voorsien word op die grondslag van een parkeerruimte vir elke twintig sitplekke wat in die gebou verskaf word, onderworpe aan 'n minimum van 15 parkeerruimtes vir elke lykbesorgingslokaal.

8.3.7.4 Openbare Garages en Diensstasies:

4 parkeerplekke sonder inbegrip van vertoonkamer- en werkwinkelruimte vir elke smeervak of wasvak, met dien verstande dat nie minder as 8 parkeerplekke by elke garage of diensstasie voorsien word nie.

8.3.7.5 Set-setbane, Miniatuur gholfbane en Inry-restaurante (**Sien klousule 8.3.14.**)

8.3.7.6 Die voertuigtoegangs- en uitgangsrybane moet beperk word tot hoogstens een elk per perseel per straat wat aan die perseel grens, met dien verstande dat in die geval van openbare garages en diensstasies die

is erected, multiplied by the area of the land which is required to be provided in terms of paragraph 2 hereof, in which event the Council shall itself acquire the necessary land for such parking purposes.

8.3.7.2. Blocks of Flats and Residential Buildings:

One parking bay for each dwelling unit (flat) or in the case of hotels, boarding houses and residential buildings, each two bedrooms, plus an additional twenty bays in the case of a licensed hotel. Of the parking bays so prescribed, one bay for every four dwelling units or every five bedrooms in the case of hotels, boarding houses and residential buildings and the 20 additional parking bays prescribed for a licensed hotel shall be provided uncovered on the site and clearly demarcated and suitably sign-posted to the Council's satisfaction for the use by visitors to the premises.

8.3.7.3 Places of Assembly:

A minimum area shall be provided on the basis of one parking bay for every twenty seats provided in the building subject to a minimum of 15 parking bays for each funeral parlour.

8.3.7.4 Public Garages and Service Stations:

4 parking bays exclusive of showroom and workshop areas for every grease bay or wash bay provided not less than 8 parking bays shall be provided at each public garage or service station.

8.3.7.5 Putting Courses, Miniature Golf Courses and Drive-in Restaurants (**See paragraph 8.3.14.**)

8.3.7.6. The vehicular access/exit ways to the site shall be restricted to not more than one each per site per street abutting the site, provided that in the case of public garages and service stations, the provisions of clause 8.3.11 shall

bepalings van klousule 8.3.11 geld.

8.3.7.7. Die voertuigtoegangs- en uitgangsrybane na die perseel moet beperk word tot 'n maksimumbreedte van 6 m waar hulle die straatgrens kruis met dien verstande dat in die geval van openbare garages die bepalings van klousule 8.3.11 geld.

8.3.7.8. Geen voertuigkruising oor die sypaadjie mag binne 4,5 m van enige straathoek (dit wil sê die punt van aansluiting van twee straatgrense) geleë wees nie met dien verstande dat in die geval van openbare garages en diensstasies die bepalings van klousule 8.3.11 geld, indien meer beperkend.

8.3.7.9 Sodanige parkeerruimtes moet tot bevrediging van die Raad behoorlik gebou en afgemerk word.

8.3.7.10 Sodanige parkeerruimtes moet gebruik word uitsluitend vir die parkeer van voertuie wat wettiglik daarop kom en mag nie vir handelsdoeleindes of enige ander doel gebruik word nie.

8.3.7.11 Waar 'n parkeerruimte aan 'n straat grens moet 'n lae muur minstens 115 mm dik en 250 mm hoog op die straatgrens gebou word behalwe by die in- en uitgange.

8.3.7.12 Waar 'n parkeerruimte aan die agterkant van 'n terrein voorsien word moet 'n geskikte muur van baksteen of beton op die grens opgerig word om die geriewe van die woongebied te beskerm.

8.3.7.13 Die wyse waarop dit die voorneme is dat voertuie op sodanige parkeerruimte moet parkeer of staan en die wyse van toegang en uitgang moet aangetoon word op 'n plan wat aan die Raad voorgelê moet word. Die Raad kan bedoelde plan goedkeur of afkeur of enige voorwaardes oplê wat hy goeddink. Die Raad kan meer beperkende vereistes stel as die in subklousules 8.3.7.6 tot 8.3.7.13 indien dit uit enige verkeersoogpunt nodig geag word.

8.3.7.14 Samegestelde Geboue:

In die geval van 'n samegestelde gebou moet gebiede vir parkering, stalling en die laai van voertuie verskaf word ten opsigte van die

apply.

8.3.7.7 The vehicular access/exit ways to the site shall be restricted to a maximum width of 6 m where they cross the street boundary, provided that in the case of public garages the provisions of clause 8.3.11 shall apply.

8.3.7.8 No vehicular crossing over the pavement shall be located nearer than 4,5 m to any street corner (i.e. the point of intersection of two street boundaries) provided that in the case of public garages and service stations the provisions of clause 8.3.11 shall apply where more restrictive than the provisions of this sub-clause.

8.3.7.9 Such parking areas shall be properly constructed to the satisfaction of the Council and parking bays clearly demarcated.

8.3.7.10 Such parking areas shall be used exclusively for the parking or standing of vehicles lawfully coming thereon and shall not be used for trading purposes or any other purpose.

8.3.7.11 Where a parking area adjoins a street a low wall of minimum height of 250 mm and 115 mm minimum thickness shall be built on the street boundary excepting at the entrance.

8.3.7.12 Where a parking area is provided at the rear of a site a suitable wall of brick or concrete shall be erected along the boundary to protect the amenities of the residential area.

8.3.7.13 The manner in which it is intended that vehicles shall park or stand on such parking areas and the means of gaining access and exit shall be shown on a plan to be submitted to the Council which may approve, disapprove or impose such conditions as it may deem fit. The Council may impose more restrictive requirements than those of sub-clauses 8.3.7.6 to 8.3.7.13 if considered necessary from any traffic point of view.

8.3.7.14 Combined Buildings:

In the case of a combined building parking, garaging and loading areas shall be provided for vehicles in respect of the several parts

verskeie dele daarvan in ooreenstemming met die bepalings van hierdie regulasies en die ligging hiervan moet sodanig wees dat elke gebied gemaklike toegang verseker aan okkupeerders, besoekers of klante van die gedeeltes van die betrokke geboue.

8.3.7.15 Waar aan drie of meer voertuie op 'n terrein staanplek verskaf moet word, moet die uitleg sodanige wees dat die voertuie geredelik die terrein kan verlaat sonder om agteruit oor die sypaadjie te stoot.

8.3.8 VERGADERPLEKKE

Waar 'n gebou of deel van 'n gebou as 'n vergaderplek gebruik gaan word, moet daar 'n voorportaal vir sodanige vergaderplek verskaf word, met 'n minimum ruimte van 0,22 $m^2$ per sitplek vir 'n kwart van die totale sitplekruimte en 'n minimum frontwydte van 1 m vir elke 100 sitplekke in die gebou wat deur die Raad gelisensieer is.

8.3.9 PERSELE WAT NIE AAN VOORSKRIFTE VOLDOEN NIE

Voordat 'n registrasiesertifikaat of lisensie van die Raad uitgereik word ten opsigte van 'n perseel waarvoor daar nie 'n geldige lisensie op die datum van inwerkingtreding van hierdie bepalings is nie of wanneer 'n gebou in hierdie sone uitgebrei of verander word, moet al die geboue op die terrein in ooreenstemming gebring word met die bepalings van die skema, die regulasies van die Raad en enige ander wette wat van toepassing is.

8.3.10 SAAMGESTELDE GEBOUE

In die geval van saamgestelde geboue in die sakesone word die bepalings toegepas ten opsigte van elke verdieping volgens die doel waarvoor so 'n verdieping gebruik gaan word en moet die som van die bepalings wat aldus verkry word op die hele gebou van toepassing gemaak word. Waar dit die voorneme is om 'n enkele verdieping van 'n gebou vir meer as een doel te gebruik is die meer beperkende bepalings van toepassing.

8.3.11 OPENBARE GARAGES EN

thereof in conformity with the provisions of these regulations and such areas shall be situated as to ensure that each area is conveniently accessible to occupants, visitors or patrons of the parts of the buildings concerned.

8.3.7.15 Where three or more vehicles are to be accommodated on a site the layout of such areas shall be such that vehicles can readily leave the site without reversing across the footway.

8.3.8 PLACES OF ASSEMBLY

Where a building or portion of a building is to be used as a place of assembly there shall be provided for such place of assembly a foyer with a minimum area of 0.22 $m^2$ per seat for one quarter of the total seating capacity and a minimum frontage of 1 m for each 100 seats in the building licensed by the Council.

8.3.9 NON-CONFORMING PREMISES

Before a registration certificate or licence of the Council is issued in respect of any premises for which there is no current licence at the date of coming into force of these provisions or when additions or alterations are made to any building in this zone, all the buildings on the site shall be made to comply with the provisions of the scheme, the regulations of the Council and any other laws which may be applicable.

8.3.10 COMBINED BUILDINGS

In the case of combined buildings the provisions shall be calculated in respect of each floor for the use to which such floor is to be put and the sum of the provisions so arrived at applied to the whole building. Where it is intended to use any one floor of a building for more than one use the more restrictive provision shall apply.

8.3.11 PUBLIC GARAGES AND SERVICE

DIENSSTASIES

Die volgende addisionele bepalings is van toepassing:

1. Vir sover dit hierdie bepalings betref beteken -

"kruispunt" die gebied omsluit binne die verlenging van die sygrenslyne van twee openbare paaie wat reghoekig of naasten-by reghoekig by mekaar aansluit of die gebied waarin verkeer wat op verskil-lende paaie reis, wat onder enige ander hoek aansluit, in botsing kan kom,

"padgrens" die grens van die breedte van 'n pad vasgestel by of kragtens enige wet,

"vlugheuwel" 'n verhewe terrein in 'n ry-vlak wat bedoel is vir die fisiese skeiding van verkeer of vir die uitsluitende gebruik van voetgangers of vir albei,

en het alle ander woorde en uitdrukkings (met inbegrip van die woord "oprig"), behalwe waar die sinsverband 'n ander betekenis aandui, die betekenis wat in artikel 1 van die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1952 (Ordonnansie 15 van 1952) daaraan geheg word.

2. Ondanks enige ander bepalings van die dorpsaanlegskema mag niemand 'n openbare garage of diensstasie oprig wat nie voldoen aan die vereistes wat hierna uiteengesit word nie, behalwe waar die plaaslike owerheid, as goeie redes aangevoer word en met die goedkeuring van die Administrateur, andersins magtiging verleen.

3. Geen ingenieurswerk wat aanstootlike geraas veroorsaak of in die loop waarvan skadelike of nadelige gasse, dampe of reuke vrygelaat word, geen spuit-skilderwerk en geen duikklopping mag in 'n openbare garage of diensstasie uitgevoer word nie tensy sodanige garage of diensstasie geleë is

STATIONS

The following additional provisions shall apply:

1. For the purpose of these provisions -

"intersection" means the area embraced within the prolongation of the lateral boundaries of two public roads which join each other at or approximately at right angles or the area within which traffic travelling on different roads joining at any other angle may come into conflict,

"road boundary" means the boundary of the width of any road fixed by or under any law, and

"traffic island" means any raised area in a roadway intended for the physical separation of traffic or for the exclusive use of pedestrians or for both.

All other words and expressions (including the word "erect") shall, except where the context indicates otherwise, have the meaning assigned thereto in section 1 of the Divisional Council's Ordinance 1952 (Ordinance 15 of 1952).

2. Notwithstanding any other provisions of the town planning scheme, no person shall erect a public garage or service station which does not conform to the requirements hereafter set forth, except where the local authority on good casue shown and with the approval of the Administrator, authorise otherwise.

3. No engineering work which causes objectionable noise or in the course of which obnoxious or harmful gases, fumes or odours are released, no spraypainting and no panelbeating shall be carried on at a service station nor at a public garage unless such public garage or service station is situated on

op grond wat vir nywerheidsdoeleindes gebruik mag word.

4. Geen motorvoertuigbrandstofpomp mag opgerig word binne 3,5 m van die padgrens gemeet van die naaste rand van die voetstuk of eiland waarop die pomp opgerig is nie en geen pompe vir die verskaffing van motorvoertuigbrandstof aan die publiek mag op 'n terrein met 'n ononderbroke padfrontwydte van minder as 33 m op die grens van 'n openbare pad of openbare paaie opgerig word nie.

5. Waar die voertuigtoegangs- en voertuig-uitgangsrybane na en van motorvoertuig-brandstofpompe die padgrens kruis mag dit nie breër as 10 m wees nie en 'n muur van minstens 115 mm dik en 250 mm hoog moet opgerig word op die padgrens wat tussen die toegangs- en uitgangspunte aan die terrein grens. Die muur moet al langs sodanige grens strek tensy die terrein op 'n ander wyse toegemaak is. Die voertuigtoegangs- en uitgangsrybane na en van motorvoertuigbrandstofpompe by 'n openbare garage word beperk tot een elk vir elke 33 m van die padfront-wydte waarlangs hulle opgerig word.

6. Die voertuigtoegangs- en uitgangsrybane na en van motorvoertuigbrandstofpompe, waar hulle die padgrens kruis mag -

   1. nie nader wees as 33 m vanaf die naaste punt van die kruispunt van 'n verklaarde pad, geproklameerde pad, toekomstige hoofpad of enige ander pad waarop die bepalings van artikel 146 van die Ordonnansie op Afde-lingsrade, 1952 (Ordonnansie 15 van 1952) van toepassing is en enige ander pad van dergelike status nie,

   2. nie nader wees as 33 m vanaf die naaste punt van 'n kruispunt waar die verkeer beheer word of waar dit ingevolge die stadsbeplanningskema beoog word om die verkeer te beheer met 'n verkeerslig of 'n vlugheuwel

land which may be used for industrial purposes.

4. No motor vehicle fuel pump shall be erected within 3,5 m of the road boundary measured from the nearest edge of the base or island on which the pump is erected and no pumps for the supply of motor vehicle fuel to the public shall be erected on any site with a continuous road frontage of less than 33 m on the boundary of a public road or public roads.

5. The vehicular access and exit ways to and from motor vehicle fuel pumps shall, where they cross the road boundary, be not more than 10 m wide and a wall at least 115 mm thick and 250 mm high shall be erected on the road boundary abutting the site between the points of access and exit. The wall shall be continued along such boundary unless the site is otherwise enclosed. The vehicular access and exit ways to and from motor vehicle fuel pumps at a public garage shall be restricted to one each for each 33 m of the road frontage along which they are erected.

6. The vehicular access and exit ways to and from motor vehicle fuel pumps where they cross the road boundary shall -

   1. not be less than 33 m from the nearest point of the intersection of a declared road, proclaimed road, prospective main road or any other road to which the provisions of section 146 of the Divisional Council's Ordinance 1952 (Ordinance 15 of 1952) apply, with any road of like status,

   2. not be less than 33 m from the nearest point of an intersection where the traffic is controlled or is in the terms of a town planning scheme proposed to be controlled by robot or traffic island,

nie,

3. nie nader wees as 1,5 m van die sygrens van die perseel nie en

4. nie nader wees as 10 m van die hoek, waar die hoek by die kruispunt nie afgeskuins is nie in die geval waar die kruispunt verskil van dié in paragraaf 1 of 2 hiervan uiteengesit. Waar die hoek by die kruispunt wel afgeskuins is mag die toegange nie nader as 10 m van sodanige hoek wees nie of 5 m vanaf die punt waar die skuinslyn die padgrens sny, watter afstand ookal die grootste is.

NOTA:
In hierdie paragraaf beteken "hoek" die hoek wat gevorm word deur die padgrens of die verlengings van die padgrense wat die grense van die ter-rein van 'n openbare garage uitmaak.

7. Enige deel van die perseel van 'n openbare garage of diensstasie wat gebruik word vir die opberging van afgedankte motorvoertuie of onderdele van motorvoertuie, enige ander rommel wat ook al of leë houers soos oliekonkas en pakkiste, of vir die montering, herstel, verf of uitmekaar-haal van motorvoertuie moet, tensy dit omring is deur geboue van minstens 2 m hoog, met 'n muur van minstens 2 m hoogte, omring word.

8.3.12 KLEINDROOGSKOONMAKERYE EN KLEINWASSERYE

Kleindroogskoonmakerye en kleinwasserye kan in hierdie sone opgerig word mits hulle aan die volgende bepalings voldoen:

1. Die vloerruimte van die winkel waarin klere ontvang en terugbesorg word, die werkwinkel en die ruimte wat vir die klererakke gebruik word mag altesame nie 260 m² oorskry nie.

2. Die minimum afstand tussen die grense van enige twee kleindroogskoonmakerye of

3. not be less than 1,5 m from the lateral boundary of the premises,

4. in the case of an intersection other than that referred to in paragraphs 1 or 2 hereof, it shall not be less than 10 m from the corner where the corner at the intersection is not splayed. Where the corner at the intersection is splayed the entrance shall not be less than 10 from such corner or 5 m from the point where the line of the splay meets the road boundary, whichever is the greater distance.

NOTE:
In this paragraph "corner" means the corner formed by the road boundaries or the prolongation of the road boundaries bordering the premises of a public garage.

7. Any part of the site of a public garage or service station which is used for the storage of disused motor vehicles or parts of motor vehicles, any other scrap whatsoever or empty containers such as oil drums and packing cases or for the assembly, repair, painting or dismantling of motor vehicles shall, unless it is enclosed by buildings at least 2 m high, be enclosed with a wall at least 2 m high.

8.3.12 DRY CLEANETTES AND LAUNDRETTES

Dry cleanettes and laundrettes may be established in this zone provided that they comply with the following provisions:

1. The floor area of the shop for receiving and returning clothes, the workshop and the space used for the clothes-racks together shall not exceed 260 m².

2. The minimum distance between the boundaries of any two dry cleanettes or laundrettes, unless situated on opposite

kleinwasserye, tensy hulle aan teenoorgestelde kante van 'n straat geleë is, is 60 m.

sides of a street, shall be 60 m.

3. Net gas, elektrisiteit of ligparaffien mag vir die vervaardiging van stoom of warm water gebruik word.

3. Only gas, electricity or illuminating paraffin shall be used for the production of steam or hot water.

4. Die oplossing wat in die skoonmaakproses gebruik word moet onbrandbaar wees.

4. The solution used in the cleaning process shall be non-inflammable.

5. Die gesamentlike vermoë van die droogskoonmaakmasjiene wat geïnstalleer mag word mag nie 'n droë gewig van 20 kg klerasie of ander artikels per reinigingsproses per halfuur kringloop oorskry nie.

5. The combined capacity of the dry cleaning machines that may be installed shall not exceed 20 kg dry weight of clothing or other articles per cleaning operation per half hour cycle.

6. Die gesamentlike vermoë van die wasmasjiene wat geïnstalleer mag word mag nie 'n droë gewig van 28 kg klerasie of ander aritkels per wasproses oorskry nie.

6. The combined capacity of the washing machines that may be installed shall not exceed 28 kg dry weight of clothing or other articles per washing operation.

7. In enige saak wat uit 'n kleindroogskoonmakery of 'n kleinwassery of 'n samestelling van albei bestaan word die personeel beperk tot 'n maksimum van twaalf.

7. In any establishment comprising either a dry cleanette or a laundrette or a combination of both, the maximum personnel shall be twelve.

8. Elke afsonderlike aansoek om die oprigting van 'n kleinwassery of 'n kleindroogskoonmakery in hierdie sone moet aan die Raad voorgelê word vir sy spesiale toestemming en die Raad moet voorsien word van volledige inligting met betrekking tot die maksimum-minimum vermoë van die masjiene wat gebruik gaan word, die getal werknemers en die vloerruimte wat beslaan gaan word.

8. Each individual application for the establishment of a laundrette or a dry cleanette in this zone shall be submitted to the Council for its special consent and the Council shall be furnished with full information as to the maximum and minimum capacities of the machines to be operated, the number of employees and the floor space to be occupied.

9. As die Raad van mening is dat die terrein van 'n voorgestelde kleindroogskoon-makery of kleinwassery ongeskik is op grond van moontlike oorlas, gevaar vir die volksgesondheid, ens. moet hy die aansoek, tesame met sy mening en aanbevelings en die redes daarvoor, aan die Administrateur voorlê en die Administrateur se beslissing is afdoende.

9. If the Council is of the opinion that the site of a proposed dry cleanette or laundrette is unsuitable on the grounds of possible nuisance, danger to public health, etc. it shall submit the application, together with its view and recommendations and the reasons therefore, to the Administrator whose decision shall be final.

8.3.13. LYKBESORGINGSLOKALE MET KAPELLE

Die volgende addisionele bepalings is van toepassing:

1. Vir sover dit hierdie bepalings betref het "kruispunt" en "vlugheuwel" die betekenisse wat daaraan geheg word in bepaling 8.3.11.1 insake openbare garages.

2. Geen lykbesorgingslokaal met 'n kapel mag toegelaat word op 'n perseel wat langs 'n straat geleë is wat minder as 12,5 m wyd is nie.

3. Geen lykbesorgingslokaal met 'n kapel mag toegelaat word nader as 100 m vanaf -
   1. die kruispunt van 'n verklaarde pad, geproklameerde pad, toekomstige hoofpad of enige ander straat waarop die bepalings van artikel 146 van die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1952 (Ordonnansie 15 van 1952) van toepassing is en enige ander straat van dergelike status nie,
   2. 'n robot ongeag of dit bestaan en of daarvoor voorsiening gemaak word in die dorpsaanlegskema,
   3. 'n kruispunt waar verkeer beheer word of volgens voorneme ingevolge die dorpsaanlegskema beheer sal word deur 'n vlugheuwel.

8.3.14 SET-SETBANE EN INRY-RESTAURANTE: SPESIALE VOORSKRIFTE

1. Geen set-setbaan of inry-restaurant mag opgerig of gevestig word tensy daar aan die bepalings van hierdie klousule voldoen word nie.

2. Geen set-setbaan of inry-restaurant en die vereiste parkeergebied mag toegelaat word op 'n perseel wat langs 'n pad geleë is wat minder as 12,5 m wyd is nie. Geen voertuigtoegang/uitgang vir hierdie ondernemings mag nader wees as 100 m vanaf 'n kruispunt, soos

8.3.13 FUNERAL PARLOURS WITH CHAPELS

The following additional provisions shall apply:

1. For the purpose of these provisions "intersection" and "traffic island" shall have the meaning assigned thereto in paragraph 8.3.11.1 relating to public garages.

2. No funeral parlour with a chapel shall be permitted on a site abutting a street of less than 12,5 m in width.

3. No funeral parlour with a chapel shall be permitted nearer than 100 m to -
   1. the intersection of a declared road, proclaimed road, prospective main road or any other street to which the provisions of section 146 of the Divisional Council's Ordinance 1952 (Ordinance 15 of 1952) apply with any other street of like status,
   2. any robot whether existing or provided for in the town planning scheme, and
   3. any intersection where traffic is controlled or is proposed to be controlled in terms of the town planning scheme by a traffic island.

8.3.14 PUTTING COURSES AND DRIVE-IN RESTAURANTS

1. No putting course or drive-in restaurant shall be established or operated except in accordance with the provisions of this clause.

2. No putting course or drive-in restaurant and the necessary parking area shall be permitted on a site abutting a road of less than 12,5 m in width. No vehicular entrance/exit for these undertakings shall be nearer than 100 m from an intersection as defined in clause

omskryf in klousule 8.3.11.1, van twee geprokla-meerde paaie nie of waar verkeer deur verkeersligte of 'n vlugheuwel beheer word.

3. Op die perseel van elke set-setbaan moet minimum voorsiening vir parkering gemaak word op die basis van 3 parkeerplekke vir elke 2 putjies van die set-setbaan, met dien verstande dat waar 'n set-setbaan langs 'n inry-restaurant geleë is en die parkeergebiede van die twee ondernemings nie duidelik van mekaar geskei is nie, 50 parkeerruimtes op die perseel ten opsigte van die inry-restaurant voorsien moet word bo en behalwe die getal vereis vir die set-setbaan. Die bepalings van klousule 8.3.7.6 tot 8.3.7.12 is mutatis mutandis op enige parkeergebied van toepassing wat ingevolge hierdie klousule voorsien moet word.

4. Die grens van 'n set-setbaan moet ten minste 4,5 m teruggeplaas word vanaf die statutêre grens van enige straat waaraan die baan grens ten einde voldoende staanruimte vir toeskouers weg van die straat en sypaadjie te verseker.

5. Sanitêre geriewe moet voorsien word op die terrein van elke set-setbaan en inry-restaurant soos vereis deur die Mediese Gesondheidsbeampte en in 'n posisie deur die Raad goedgekeur.

6. Waar die Raad dit ter wille van die gerief en aantreklikheid van die omgewing nodig ag moet die terrein van elke set-setbaan en/of inryrestaurant afgeskerm en uitgelê word op 'n wyse wat deur die Raad voorgeskryf word.

7. 'n Set-setbaan mag nie later in werking bly as die tye deur die Raad voorgeskryf nie.

8. Alle geboue en strukture opgerig op die terrein van 'n set-setbaan en/of 'n inry-restaurant moet in alle opsigte voldoen aan die bepalings vervat in die dorpsaanlegskema vir die sone waarin

8.3.11.1 where two proclaimed roads meet or where traffic is controlled by robots or traffic islands.

3. Provision shall be made on the site of every putting course for a parking area on the basis of 3 parking bays to every 2 holes in a putting course, provided that where a putting course is adjacent to a drive-in restaurant and the parking area for the two undertakings are not clearly separated, 50 parking bays must be provided for the drive-in restaurant in addition to the parking facilities prescribed for the putting course. The provisions of clauses 8.3.7.6 to 8.3.7.12 shall be applicable mutatis mutandis to any parking area required in terms of this clause.

4. The boundary of a putting course shall be set back at least 4,5 m from the statutory boundary of any street abutting the course to provide suitable standing room for spectators off the street and pavement.

5. Sanitary facilities shall be provided on the site of every putting course and drive-in restaurant to an extent prescribed by the Medical Officer of Health and shall be located in positions approved by the Council.

6. Where the Council deems it necessary in the interests of amenity, the site of every putting course and/or drive-in restaurant shall be screened and landscaped in a manner prescribed by the Council.

7. A putting course shall not be operated later than such closing hour as the Council may prescribe.

8. Any buildings or structures erected on the site of a putting course and/or drive-in restaurant shall fully comply with the provisions stipulated in the town planning scheme for the zone in which

hulle geleë is.

9. Enige luidsprekerstelsel by 'n set-setbaan en/of 'n inry-restaurant moet ten alle tye so gebruik word dat die Raad tevrede is dat geen oorlas van watter aard ookal aan bewoners van naby-geleë eiendomme veroorsaak word nie.

10. Bykomstig tot die advertering vir die doeleindes van die Raad se spesiale toestemming vir die voorgestelde oprigting van 'n set-setbaan en/of 'n inry-restaurant moet die aandag van omliggende eienaars skriftelik op die advertensies gevestig word.

8.4 KLEINERE SAKESONE (L.B.1)

Waar toegelaat sal die beperkings van toepassing op sekere geboue soos uiteengesit in klousule 8.3.5 tot 8.3.14 ook in hierdie sone van toepassing wees. Die beperkinge waaraan winkels en woonstelle in die sakesone en woon-huise in die enkelwoningsone onderworpe is is in hierdie sone van toepassing met dien verstande-

8.4.1 dat dekkingsoppervlakte nie die volgende oorskry nie:

1. 66 % vir sakepersele
2. 50 % vir blokke woonstelle

8.4.2 dat die vloeroppervlakte nie die volgende sal oorskry nie:

1. 0,66 vir sakepersele
2. 0,50 vir woonstelblokke

8.4.3 dat geen erf die terrein vorm van beide 'n woonhuis en woonstel nie,

8.4.4 dat nie meer as een verdieping vir sakedoeleindes en een verdieping vir woonstelle op 'n perseel in hierdie sone opgerig mag word nie,

8.4.5 dat die volgende boulyne gehandhaaf word:

1. straatgrens - 3 m
2. sy- en agtergrens - 3 m of halfhoogte van gebou, welke die grootste is met dien verstande dat die gebou vir 'n

the site is located.

9. Any public address or sound system at a putting course and/or drive-in restaurant shall at all times be operated in such a manner that the Council is satisfied that no nuisance whatsoever is caused to the occupants of nearby properties.

10. In addition to the advertising of the proposed establishment of a putting course and/or drive-in restaurant for the purpose of the Council's special consent, the notice of surrouding owners shall be drawn in writing to the aforesaid advertisement.

8.4 MINOR BUSINESS ZONE (L.B.1.)

If permitted the restrictions applying to certain buildings as set out in sectons 8.3.5 to 8.3.14 shall apply in this zone. The restrictions applying to shops and flats in the business zone and dwelling-houses in the single residential zone shall apply in this zone provided -

8.4.1 the coverage shall not exceed:

1. 66 % for business premises,
2. 50 % for blocks of flats;

8.4.2 the floor area factor shall not exceed -

1. 0,66 for business premises,
2. 0,50 for flats,

8.4.3 that no erf shall form the site of both a dwelling-house and a flat,

8.4.4 that not more than one floor of business premises and one floor of flats shall be erected on a site in this zone, 2 STOREYS FOR MINOR BUSINESS

8.4.5 that the following building lines apply -

1. street - 3 m,
2. sides and rear boundaries - 3 m or half the height of building, whichever is the greater, provided that the building may

afstand van 12 m vanaf die straatboulyn op die sygrens opgerig mag word,

8.4.6 geen op-terreinparkering word vereis in 'n kleinere sakesone waar die totale oppervlakte van die sone minder as 950 m² is nie.

L.W. Parkering moet voorsien word soos in die C.B.S. sone met inagneming van klousule 8.4.6 hierbo.

8.5 PLAASLIKE SAKESONE (L.B.2)

Die beperkings soos genoem onder kleinere sakesone (klousule 8.4) is van toepassing behalwe vir die volgende:

8.5.1 Die maksimum toelaatbare vloeroppervlaktefaktor is 1,8 waarvan 'n maksimum van 0,9 vir besigheidsdoeleindes en nie meer as 0,9 vir woongeboue aangewend mag word nie.

8.5.2 Daar is geen hoogtebeperking nie.
**(Vir plaaslike winkelsone verwys 8.10)**

8.6 LIGTE NYWERHEID/KOMMERSIëLE SONE (L.I.)

8.6.1 Die maksimum dekkingsoppervlakte in hierdie sone is 75 %.

8.6.2 Vir die doel van die op- of aflaai van voertuie moet daar op die terrein 'n ruimte of ruimtes gelaat word van minstens -

1. 20 % van die totale vloerruimte van die gebou of

2. 25 % van die oppervlakte van die terrein,

watter ookal die kleinste is, en die lengte-afmetings van sodanige ruimte of ruimtes moet sodanig wees dat die kortste afstand, reghoekig gemeet, tussen enige twee sye in geen geval minder as 7,5 m is nie.

Sodanige ruimte of ruimtes moet voertuigtoegang na 'n straat hê tot bevrediging van die Raad en moet minstens 4,5 m breed en, indien dit deur 'n gebou gaan, minstens 3 m breed wees.

8.6.3 Alle straatgrense of - heinings van die terrein moet op 'n afstand van minstens 7,5 m van die

be erected on the side boundary for a distance of 12 m from the street building line,

8.4.6. no on-site parking will be required in a minor business zone where the total area of the zone is less than 950 m² in area.

N.B Parking must be provided as in the C.B.S. zone taking cognisance of clause 8.4.6 above.

8.5 LOCAL BUSINESS ZONE (L.B.2)

The restrictions as listed under minor business zone (clause 8.4) shall apply to this zone except for the following:

8.5.1 The maximum permissible floor area factor shall be 1,8 of which a maximum of 0,9 may be used for business purposes and not more than 0,9 used for residential buildings.

8.5.2 There shall be no height restriction.
**(For Local Shopping Zone refer 8.10)**

8.6 LIGHT INDUSTRIAL/COMMERCIAL ZONE (L.I.)

8.6.1 The maximum coverage in this zone shall be 75 %.

8.6.2 For the purpose of loading or unloading vehicles there shall be left on the site a space or spaces amounting to not less than -

1. 20 % of the total floor area of the building or

2. 25 % of the area of the site,

whichever is the lesser and the linear dimensions of such space or spaces shall be such that the shortest distance measured at right angles between any two sides thereof is in no case less than 7,5 m.

Such space or spaces shall have vehicular access to a street which shall be to the satisfaction of the Council and shall not be less than 4,5 m wide and, if carried through a building, not less than 3 m in height.

8.6.3 All street boundary walls or fences of the site shall be erected at a distance of not less than

middellyn van die aangrensende straat of strate opgerig word en die grond tussen sodanige grensmure of -heinings en die wettige straatgrens sal as deel van sodanige straat gemaak word.

7,5 m from the centre line of the abutting street or streets and the land between such boundary walls or fences and the legal street boundary shall be made up as part of such street.

8.6.4 Geen gebou of enige deel daarvan, uitgesonderd grensmure en- heinings, mag nader as 3 m aan enige straatgrens van die perseel **(sien woordomskrywing van "straatgrens")** of die nuwe straatgrens volgens voorafgaande sub-klousule 8.6.3, wat ookal die mees beperkende op die perseel is, opgerig word nie.

8.6.4. No building or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 3 m from any street boundary of the site **(vide definition of "street boundary")** or the new street boundary as defined in the preceding subclause 8.6.3, whichever is the more restrictive.

8.6.5 Waar die grens van 'n perseel die gemeenskaplike grens vorm tussen hierdie sone en enige woon- of sakesone is die betrokke boulyne wat van toepassing is in sodanige woon- of sakesone van krag aan weerskante van sodanige gemeenskaplike grens.

8.6.5 Where the boundary of a site forms the common boundary between this zone and any residential or business zone the relevant building lines applicable in such residential or business zone shall apply on both sides of such common boundary.

8.6.6 Waar die geboue, soos in klousule 8.3.8 tot 8.3.14 vermeld, toegelaat word sal hul onderhewig wees aan dieselfde voorwaardes soos in die betrokke klousules uiteengesit.

8.6.6 Where the buildings set out in sections 8.3.8 to 8.3.14 are permitted the same restrictions as indicated in these sections shall apply.

8.7 <u>NYWERHEIDSONE (I)</u>

Die beperkings van krag in hierdie sone is dieselfde as uiteengesit onder 8.6 hierbo.

8.7 <u>INDUSTRIAL ZONE (I)</u>

The restrictions applicable to this zone shall be the same as that set out in 8.6 above.

8.8 <u>SPESIALE SONE VIR WINGFIELD DRIEHOEK (H)</u>

NOTA: Aangesien hierdie sone bestaan uit slegs een terrein waarop hierdie spesiale bepalings van toepassing is en dit ook in die vt./lb.-stelsel geadverteer is, sal hierdie stelsel in hierdie afdeling vir die aanvanklike goedgekeurde ontwikkeling behou word. Toekomstige ontwikkeling sal egter in die metrieke stelsel wees.

Vir die aanvanklike ontwikkeling word -

7,5 m deur 25 vt. vervang
15 m deur 50 vt. vervang
30 m deur 100 vt. vervang
75 m deur 250 vt. vervang
120 m deur 400 vt. vervang
280 m² deur 3 000 vk. vt. vervang
4 700 m² deur 50 000 vk. vt. vervang
5 600 m² deur 60 000 vk. vt. vervang
12 000 m² deur 120 000 K vk. vt vervang

8.8 <u>SPECIAL ZONE FOR WINGFIELD TRIANGLE (H)</u>

NOTE: In view of the fact that this zone consists of only one site on which these special conditions are applicable and was advertised in the ft./lb. system, this system will be retained in this section for the initial approved development. Future development, however, shall be in the metric system.

For the initial development replace

7.5 m by 25 ft.
15 m by 50 ft.
30 m by 100 ft.
75 m by 250 ft.
120 m by 400 ft.
280 m² by 3 000 sq. ft.
4 700 m² by 50 000 sq. ft.
5 600 m² by 60 000 sq. ft.
12 000 m² by 120 000 C. sq. ft.

30 000 m² deur 360 000 K. vk. vt vervang

In klousule 8.8.5

1,5 m² deur 1,5 vk. vt. vervang
1,0 m² deur 1,0 vk. vt. vervang

8.8.1 DEKKINGSOPPERVLAKTE

In hierdie sone mag die geboue op die hele perseel nie meer as 30 % van die perseel dek nie en geboue, paaie en parkeerareas op grondvlak mag nie meer as 60 % van die perseel dek nie.

8.8.2 MAKSIMUM TOELAATBARE VLOEROPPERVLAKTEFAKTOR sal wees -

1. op 12 000 m² van die perseel - 3,0 met die voorbehoud dat die totale toelaatbare vloeroppervlakte van 36 000 m² of gedeelte daarvan as volg gebruik moet word:

    1. 'n Maksimum van 4 700 m² vir kleinhandel op grondvloer en 'n verdere 4 700 m² op die eerste vloer.

    2. 'n Verpleeginrigting/kliniek wat voorsiening maak vir 'n minimum van 100 beddens.

    3. Erf 17718 - Vir besigheids-doeleindes met 'n vloeroppervlakte van 2 100 m².

    4. 'n Teater wat voorsiening maak vir minstens 300 sitplekke.

    5. Kantore en aftree-oord

        1. Kantore op die grondvloer met 'n totale oppervlakte van 806 m².

        2. 'n Aftree-oord met 'n totale oppervlakte van 8 558 m², wat die volgende insluit:

            (i) Gewone akkommodasie vir dienste, 'n terras, 'n ontvangvertrek en verwante fasiliteite op die grondverdieping.

            (ii) Sitkamers, eetkamers,

36 000 m² by 360 000 C. sq. ft.

In clause 8.8.5 replace

1,5 m² by 1,5 sq. ft.
1,0 m² by 1,0 sq. ft.

8.8.1 COVERAGE

In this zone the buildings on the entire site may not cover more than 30 % of the site and buildings, roads and parking areas on surface may not cover more than 60 % of the site.

8.8.2 MAXIMUM PERMISSIBLE FLOOR AREA FACTOR (BULK) shall be -

1. on 12 000 m² of the site - 3,0 provided that the total permissible floor area of 36 000 m² or part thereof must be used as follows:

    1. A maximum of 4 700 m² for retail shopping on ground floor and a further 4 700 m² on first floor

    2. A nursing home/clinic providing a minimum of 100 beds.

    3. Erf 17718 - For Business purposes with a floor area of 2 100 m².

    4. A theatre providing at least 300 seats.

    5. Offices and retirement centre

        1. Offices on the ground floor with a total area of 806 m².

        2. A retirement centre with a total area of 8 558 m² which includes the following:

            (i) Normal accommodation for services, a terrace, a receiption area and related facilities on the ground floor.

            (ii) Lounges, diningrooms,

kombuise en verwante fasiliteite wat uitsluitlik vereis word vir die bedryf van die aftree-oord.

(iii) 'n Versorgingsoord vir verswaktes.

(iv) Individuele kamers met badkamers vir bejaardes, tesame met gange, stoepe, portale, ensovoorts.

(v) Fasiliteite en kwartiere vir die huisvesting van personeel wat uitsluitlik betrokke is by die bedryf van die oord.

(vi) Interne fasiliteite vir geriewe soos 'n haarsalon, 'n snoepwinkel, ensovoorts vir die uitsluitlike gebruik van inwoners.

(vii) Kantore en fasiliteite benodig vir die administrasie en bestuur van die aftree-oord.

3. Parkeerruimte moet soos volg voorsien word:

1 m² parkeerruimte vir elke kantoorruimte van 2 m² en een parkeerplek of bedekte parkeerruimte vir elke bewoonbare eenheid.

6. 'n Diensstasie wat nie 280 m² in oppervlakte oorskry nie en wat met bedekte parkeergebiede geïntegreer moet wees.

7. Woonstelle (indien enige toelaatbare vloeroppervlakte nie gebruik word nie) tot 'n op maksimum van 5 600 m² van toelaatbare vloeroppervlakte.

2. Op die res van die perseel, d.i. totale terreinoppervlakte min 12 000 m² - 0,90 wat gebruik mag word slegs vir algemene

kitchens and related facilities required exclusively for the operation of the retirement centre.

(iii) A frail care centre.

(iv) Individual rooms with bath-rooms for elderly people together with passages, stoeps, portals, etc.

(v) Facilities and quarters for the housing of staff exclusively involved in the running of the retirement centre.

(vi) Internal facilities for amenities such as a hair salon, tuck-shop, etc. for the exclusive use of the residents.

(vii) Offices and facilities required for the administration and management of the retirement centre.

3. Parking shall be provided as follows:

Parking space of 1 m² for each 2 m² area for offices, and one parking place or covered parking space for each habitable unit.

6. A service station not exceeding 280 m² in area and to be integrated with covered parking areas.

7. Flats (if any permissible floor area remains in hand) up to a maximum of 5 600 m² of permissible floor area (bulk).

2. On balance of site, i.e. total site area less 12 000 m² - 0,90 which may be used for general residential purposes only.

woondoeleindes.

8.8.3 MAKSIMUM HOOGTE

Geen hoogtebeperkings sal van toepassing wees nie.

8.8.4 BOULYNE

1. Geen geboue of parkeerruimte sal toegelaat word binne 30 m vanaf die straatgrense van Voortrekkerweg en Wingfieldweg vir 'n afstand van 30 m vanaf die snypunt van hierdie grense van die perseel nie.

2. Geboue langs Wingfieldweg en Grensweg moet voldoen aan die volgende boulyne:

   1. Geboue tot en met 'n hoogte van 30 m - 'n afstand van 7,5 m of halfhoogte van die geboue, welke ookal die grootste is.

   2. Geboue hoër as 30 m in hoogte - 'n afstand van nie minder as 15 m nie.

   3. In alle gevalle, uitgesonderd wat genoem word onder 8.8.4.1 en 8.8.4.2 sal die boulyne soos neergelê vir sones 8.3 en 8.2 van toepassing wees.

8.8.5 VOORSIENING VIR PARKERING OP DIE PERSEEL

Die minimum voorsiening vir parkering in hierdie sone ten opsigte van die gebruike soos aangedui sal soos volg wees:

1. Winkels:
   1,5 m² parkeerruimte vir elke 1 m² van bruto kleinhandel vloeroppervlakte.

2. Private Hospitaal/Kliniek:
   Een parkeerruimte vir elke bed.

3. Kantore:
   1 m² van parkeerruimte vir elke 1 m² van bruto kantoorvloeroppervlakte.

4. Alle ander gebruike is soos neergelê in klousule 8.3 van hierdie skema.

5. Die uitleg en behandeling van parkeerruimtes sal voldoen aan die vereistes van

8.8.3 MAXIMUM HEIGHT

No height restrictions shall apply.

8.8.4 BUILDING LINES

1. No buildings or parking area shall be permitted within 30 m from the street boundaries of Voortrekker Road and Wingfield Road for a distance of 30 m from the intersection of these boundaries of the site.

2. Buildings on Wingfield Road and Boundary Road shall comply with the building lines scheduled below:

   1. Buildings up to and including 30 m in height - a distance of 7,5 m or half the height of the building, whichever is the greater.

   2. Buildings in excess of 30 m in height - a distance of not less than 15 m.

   3. In all other cases other than that mentioned under 8.8.4.1 and 8.8.4.2 the building lines applicable to zones 8.3 and 8.2 shall apply.

8.8.5 PROVISION FOR ON-SITE PARKING

The minimum provision for parking in this zone shall be as follows in respect of the uses indicated:

1. Shops:
   1,5 m² of parking area for every 1 m² of total retail shopping floor area.

2. Private Hospital/Clinic:
   One parking bay per one bed.

3. Offices:
   1 m² of parking area for every 1 m² of total office floor area.

4. All other uses as provided for in clause 8.3 of this scheme.

5. The layout and treatment of parking areas shall comply with the requirements of

deel 8.3 van hierdie skema.

8.8.6 TOEGANG TOT PERSEEL

1. Onderhewig daaraan dat die goedkeuring van die Provinsiale Padingenieur verkry word sal slegs een toegang voorsien word uit Wingfieldweg nie nader as 120 m vanaf die noordelike grens van Voortrekkerweg nie.

2. Slegs 'n ingang sal voorsien word uit Voortrekkerweg op 'n punt nie nader as 75 m vanaf die oostelike rand van Wingfieldweg nie.

8.9 ONBEPAALDE SONE (U)

In hierdie sone mag niemand 'n gebou oprig, of 'n bestaande gebou verander, vergroot of uitbrei en mag hy ook nie 'n bestaande gebou of grond gebruik vir 'n doel waarvoor, of op 'n wyse waarop, dit nie op 1 Januarie 1968 gebruik is sonder die toestemming van die Raad en die Administrateur nie.

8.10 PLAASLIKE WINKELSONE (L.S.)

Die beperkinge aangedui onder Kleinere Sakesone (Klousule 8.4) is van toepassing behalwe vir die volgende:

8.10.1 Die maksimum vloeroppervlaktefaktor is 1,32.

8.11 DIENSNYWERHEIDSONE (S.I.)

8.11.1 Die beperkings aangedui onder die Ligte Nywerheidsone (Klousule 8.6), met die uitsondering van Klousule 8.6.3, sal in hierdie sone van toepassing wees.

8.12 GROEPSBEHUISING (G.H.)

8.12.1 Woordomskrywings:

"Groepsbehuisingsone" beteken grond wat formeel vir sodanige gebruik gesoneer is. Sodanige sonering moet egter nie vertolk word as sou dit latere kadastrale onderverdeling impliseer nie.

"Groepperseel" beteken 'n gedeelte grond in 'n groepsbehuisingsone wat onderverdeelbaar is in 'n aantal groeperwe met of sonder openbare straat, en met of sonder openbare oopruimte.

section 8.3 of this scheme.

8.8.6 ENTRANCE TO SITE

1. Subject to the approval of the Provincial Roads Engineer being obtained, one entrance only will be provided off Wingfield Road, not closer than 120 m from the northernmost boundary of Voortrekker Road.

2. An entrance only will be provided off Voortrekker Road at a point not nearer than 75 m from the eastern edge of Wingfield Road.

8.9 UNDETERMINED ZONE (U)

In this zone no person shall erect a building or alter, add to or extend an existing building nor shall he use any existing building or land for a purpose for which, or a manner in which, it was not used on 1 January 1968 without the consent of the Council and the Administrator.

8.10 LOCAL SHOPPING ZONE (L.S.)

The restrictions listed under Minor Business Zone (Clause 8.4) shall apply to this zone with the exception of the following:

8.10.1 The maximum permissible floor area factor shall be 1,32.

8.11 SERVICE INDUSTRIAL ZONE (S.I.)

8.11.1 The restrictions listed under the Light Industrial Zone, (Clause 8.6) with the exception of Clause 8.6.3, shall be applicable to this zone.

8.12 GROUP HOUSING ZONE (G.H.)

8.12.1 Definitions:

"Group Housing Zone" means land that has been formally zoned for such use. Such zoning shall, however, not be interpreted as implying later cadastral subdivision.

"Group Site" means a portion of land in a group housing zone which is capable of subdivision into several group erven with or without public street and with or without

"Groeperf" beteken 'n stuk grond in 'n groepperseel wat vir die oprigting van 'n enkelwoning beoog word.

8.12.2 MAKSIMUM DIGTHEID

Die digtheid moet verwant wees aan die digtheid van enkelwoningontwikkeling in die besondere gebied, nie meer as 'n 2 : 1 verhouding nie en die maksimum digtheid behoort nietemin -

(1) normaalweg (d.w.s. in die geval van 'n perseel waarvan 'n gedeelte of gedeeltes vereis sal word vir pad en/of publieke oopruimte) nie meer te wees as 30 eenhede per bruto hektaar nie.

(2) in spesiale gevalle (d.w.s. waar die groepperseel oorspronklik as sulks beplan is en publieke oopruimte en/of pad reeds ten opsigte daarvan op 'n geskikte basis voorsien is en nie van die perseel afgesny hoef te word nie) nie meer te wees as 'n uiterste maksimum van 40 eenhede per bruto hektaar nie.

Nota: Die hoeveelheid bruto hektaar is gelyk aan die totale oppervlakte van die groepperseel in hektaar (waar "groepperseel" in paragraaf 8.12.1 hierbo gedefinieer word)

8.12.3 OOP RUIMTE

'n Minimum van 80 m² per wooneenheid moet voorsien word en "oopruimte" beteken in hierdie verband publieke oopruimte uitgesondered paaie en privaat agterplase. Hierdie vereiste val weg -

(1) in gevalle waar publieke oopruimte op 'n geskikte basis in die omgewing voorsien is ten opsigte van groepbehuising op die besondere perseel,

(2) in gevalle waar dit onprakties sou wees om oopruimte te voorsien (of om al die vereiste oopruimte te voorsien) in welke geval 'n kontantbegiftiging betaal mag word in die plek van die vereiste oopruimte (of die tekort),

public open space.

"Group erf" means a piece of land in a group site approved for the erection of a single dwelling.

8.12.2 MAXIMUM DENSITY

The density shall bear some relationship to the density of single residential development, not in excess of a 2 : 1 ration and the maximum should in any event -

(1) normally (i.e. in the case of a site of which portion(s) will be required for road(s) and/or public open space purposes) not be more than 30 units per gross hectare.

(2) in special cases (i.e. where the group site was originally planned as such and public open space and/or road(s) have already been suitably provided to cater therefor and need not be deducted from the site) not be more than an utmost maximum of 40 units per gross hectare.

Note: The number of gross hectare is equal to the total area of the group site in hectare (where "group site" is as definied in 8.12.1 above)

8.12.3 OPEN SPACE

A minimum of 80 m² per dwelling unit shall be provided and in this context the term "open space" means public open space excluding roads and private yards. This requirement falls away -

(1) in cases where public open space has been suitably provided in the vicinity to cater for group housing on the particular site,

(2) in cases where it may be impractical to provide open space (or to provide all the open space required) in which event a cash endowment may be paid in lieu of the required open space (or the shortfall),

(3) in die algemeen woonsone(s), maar slegs indien die voorsiening van publieke oopruimte as deel van die groepbehuising-ontwikkeling as onredelik beskou word as gevolg van nakoming van die groepbehuisingdigtheid sou dit meer beperkend wees as die toelaatbare algemene woonsone-digtheid.

8.12.4 PRIVATE AGTERPLAAS EN TUIN

Groeperwe behoort ontwerp te word om 'n omheinde agterplaas met genoegsame ruimte te voorsien sowel as 'n privaat tuin of buite leefruimte in totaal gelyk aan ten minste 40 % van die vloeroppervlakte en minstens 50 m².

8.12.5 SY- EN AGTERBOULYNE

Die plaaslike owerheid hoef nie op sy- en agterboulyne aan te dring nie anders as wat vir brandbestrydingsdoeleindes vereis word of tensy 'n groeperf aan 'n erf grens wat 'n ander sonering het. In laasgenoemde geval word die volgende minimum boulyne vereis:

| Sonering van aangrensende erf | Agterboulyn | Syboulyn |
|---|---|---|
| Enkelwoonbuurt | 1,5 m | 1,5 m |
| Enige ander sonering | 3,0 m | 3,0 m |

As 'n gebou nie op die sy- of agtergrense opgerig word nie of die boulynbeperking van 3,0 m of 1,5 m nie van toepassing is nie, sal 'n boulyn van 1,2 m toegepas word. Buitegeboue word nie deur bogenoemde geaffekteer nie.

8.12.6 STRAATBOULYN

Dit sal by die plaaslike owerheid berus en in sekere gevalle sal geen straatboulyn anders as dié wat vir veilige verkeersbeweging benodig word vereis word, nie maar dit sal van die aard van bestaande ontwikkeling naby die groephuise afhang.

8.12.7 HOOGTE VAN GEBOUE

Die maksimum hoogte van geboue gemeet van die gemiddelde grondhoogte van die gebou tot die boonste vlak van die borswering of

(3) in the general residential zone(s) but only in the event of the provision of public open space as part of the group housing development being regarded unreasonable by virtue of compliance with the group housing density should this be more restrictive than the permissible general residential density.

8.12.4 PRIVATE YARD AND GARDEN

Group erven should be designed to provide an enclosed service yard of adequate area and in addition a private garden or outdoor living area of, in total, at least 40 % of the floor area with a minimum of 50 m².

8.12.5 SIDE AND REAR BUILDING LINES

The local authority need not insist on side and rear building lines other than those required for fire fighting purposes or when a group erf abuts an erf with a different zoning. In the latter case the following minimum building lines are required:

| Zoning of abutting erf | Rear building Line | Side Building Line |
|---|---|---|
| Single Residential | 1,5 m | 1,5 m |
| Any other zoning | 3,0 m | 3,0 m |

If a building is not erected on the side or rear boundary or is not subject to a 3,0 m or 1,5 m building line restriction then a building line of 1,2 m will apply. Outbuildings are not affected by the above.

8.12.6 STREET BUILDING LINE

This shall be at the discretion of the local authority and in certain cases no street building line other than that required for safe traffic movement may be imposed but this will depend on the nature of existing development in the vicinity of the group dwellings.

8.12.7 HEIGHT OF BUILDINGS

The maximum height of buildings shall not exceed 8 metres measured from the mean ground level of the building to the top of the

kroonlys in die geval van 'n platdak, of tot 'n punt halfpad tussen die dakrand en die nok in die geval van 'n staandak sal nie 8 m oorskry nie.

parapet or cornice in the case of a flat roof, or to a point midway between the eaves and the ridge in the case of a pitched roof.

8.12.8 OP-PERSEEL PARKERING

Staanplek vir ten minste 2 motorvoertuie per groeperf moet op die perseel voorsien word. Alhoewel nie noodsaaklik nie, behoort ten minste een staanplek onder dak te wees.

8.12.8 ON-SITE PARKING

Accommodation for the parking of motor vehicles shall be provided on each group erf on the minimum basis of at least 2 parking bays per erf. Although not essential, it would be preferable if one bay could be under cover.

8.12.9 LUGDRADE

Geen lugdraad wat gesien kan word van enige punte buite sodanige erf behoort op enige groeperf opgerig te word of aan enige gebou vasgeheg te word nie, behalwe in die geval van gemeenskaplike lugdrade wat deur die plaaslike owerheid goedgekeur mag word.

8.12.9 AERIALS

No aerial which can be seen from any point outside such erf should be erected on any group erf or attached to the building except for such communal masts as may be permitted by the local authority.

8.12.10 STOORKAMER

'n Stoorkamer met 'n minimum binneruimte van twee vierkante meter sal op elke groeperf voorsien word indien geen toesluitgarage op die erf of op 'n aparte erf verbonde daaraan voorsien word nie.

8.12.10 STOREROOM

A storeroom with a minimum internal area of two square metres should be provided on each group erf if no lock-up garage is provided on the erf or on a separate erf ancillary thereto.

8.12.11 ESTETIEK EN BEHANDELING VAN DIE OMGEWING

Waar tuinargitektuur, bestrating en enige behandeling, soos die voorsiening van openbare oopruimte, nodig geag word om die terrein geskik te maak vir groepbehuising mag dit deur die owerhede vereis word, en tot hul bevrediging uitgevoer word op onkoste van die eienaar.

8.12.11 AESTHETIC AND ENVIRONMENTAL TREATMENT

Where landscaping, paving and any other treatment such as the provision of public open space, is considered necessary to render the site suitable for group housing, this may be required by the authorities and carried out to their satisfaction by the owner at his cost.

8.13 <u>OPENBARE DIENSTE SONE (P.S.)</u>

8.13.1 Boulynbeperkings, vloeroppervlaktefaktore, dekking, hoogtes van geboue en parkering sal deur die Raad vasgestel word afhangende van die aard en gebruik van die geboue wat opgerig word en die ligging van die gebou op die perseel.

8.13 <u>PUBLIC SERVICES ZONE (P.S.)</u>

8.13.1 Building line restrictions, bulk factors, coverage, heights of buildings and on-site parking requirements to be determined by the Council depending on the nature and usage of the buildings to be erected and the siting of the building on the site.

8.14 <u>DORPSHUIS-WOONSONE (T.H.)</u>

Kleurnotasie : Geel met D.H. daarop.

8.14 <u>TOWN HOUSE RESIDENTIAL ZONE (T.H.)</u>

Colour notation : Yellow with T.H. over

18.14.1 TOEGELATE GEBRUIKE

Primêre gebruik: dorpshuis
Vergunningsgebruike : woonhuis, groepshuis, aftreeoord

18.14.2 GRONDGEBRUIKBEPERKINGS

Digtheid : soos voorgeskryf deur die raad, tot 'n maksimum van 40 eenhede per bruto hektaar.

Dekking: hoogstens 50 %
Hoogte : hoogstens twee verdiepings

Straatboulyn: nul, onderworpe aan par. 8.14.3(a)
Kantboulyn: nul, onderworpe aan par. 8.14.3(b)

Parkering: minstens twee parkeerplekke per dorpshuis; albei kan by die dorpshuis voorsien word, of 'n deel van die vereiste parkering by sommige van die dorpshuise, en die res in die vorm van gemeenskaplike parkering vir die betrokke dorpsbehuisingskema voorsien word, of die volle vereiste parkering kan in die vorm van gemeenskaplike parkering voorsien word.

8.14.3 VERDERE BOULYNVEREISTES

(a) Ondanks die nul straatboulyn kan 'n straatboulyn van 2 m vereis word vir veilige verkeersbeweging of om ander redes, soos ontwikkeling in die omgewing, en moet 'n motor-oprit 'n toereikende oppervlakte hê sodat 'n groot motor gerieflik daarop kan parkeer.

(b) Ondanks die nul-kantboulyn kan toereikende kantboulyne vereis word vir brandbestrydingsdoeleindes, en waar 'n dubbelverdieping- of 'n enkelverdieping-eenheid in 'n dorps-huisontwikkeling wat aan 'n ander sone grens, voorkom, word 'n 3 m- en 1,5 m-kant- en agtergrensboulyn-beperking onderskeidelik vereis vir elk van sodanige eenhede.

8.14.4 MINIMUM GROOTTE VAN PERSEEL

950 m²

8.14.1 PERMITTED USES

Primary use : town house
Consent uses : dwelling house, group house, retirement village

8.14.2 LAND USE RESTRICTIONS

Density: as laid down by the Council, up to a maximum of 40 units per gross hectare.

Coverage: not exceeding 50 %
Height: not exceeding two storeys

Street building line: zero, subject to par. 8.14.3(a)
Side building line: zero, subject to par. 8.14.3(b)

Parking: at least two parking bays per town house; both may be provided at the town house, or part of the required parking may be provided at some of the town houses and the remainder in the form of communal parking for the town housing scheme concerned, or the whole of the required parking may be provided in the form of communal parking.

8.14.3 ADDITIONAL BUILDING-LINE REQUIREMENTS

(a) Despite the zero street building line, a street building line of 2 m may be required to ensure safe traffic circulation or for other reasons such as development in the area, and a driveway shall have an adequate area to allow comfortably for the parking of a large motor car thereon.

(b) Despite the zero side building line, adequate side building lines may be required for fire-fighting purposes, and where a double-storey unit occurs in a town-house development which abuts another zone, a 3 m and a 1,5 m side and rear building line respectively shall be required for each of such units.

8.14.4 MINIMUM SIZE OF SITE

950 m²

8.15 SPESIALE KOMMERSIëLE SONE (S.K.)

Kleurnotasie : Blou met S.K. oor.

8.15.1 TOELAATBARE GEBRUIKE

Primêre gebruike: Winkels, sakegeboue, ligte nywerheidsgeboue, pakhuise en saamgestelde geboue.

Vergunningsgebruike: nywerheidsgeboue, vergaderplekke, onderwysplekke, openbare garage en diensstasie.

8.15.2 GRONDGEBRUIKBEPERKINGS

8.15.2.1 DEKKING

Hoogstens 75 %

8.15.2.2 VLOERFAKTOR

(a) Die maksimum toelaatbare vloerfaktor op enige erf in hierdie sone is 0,9; met dien verstande dat die maksimum totale toelaatbare vloerfaktor van toepassing op al die erwe in hierdie sone nie 0,6 mag oorskry nie.

(b) Van die werklike vloeroppervlakte van enige gebou op enige erf in hierdie sone word 'n minimum van 30 % benut vir nywerheidsgebruike en die res vir kommersiële gebruike.

(c) Met die toestemming van die Raad kan afgewyk word van die bepalings van klousule 8.15.2.2(b) en die Raad kan voorwaardes van goedkeuring oplê met betrekking tot die voorsiening van parkering soos uiteengesit in klousule 8.15.2.5.

(d) Vir die toepassing van klousule 8.15.2.2(b), het die woorde "kommersiële gebruike" en "nywerheidsgebruike" die volgende betekenisse:

(i) "kommersiële gebruike" sluit gebruike in waarvoor die volgende geboue nodig is: sakegeboue, winkels, vergaderplekke, onderwys-plekke, openbare garages en diensstasies

8.15 SPECIAL COMMERCIAL ZONE (S.K.)

Colour notation : Blue with S.C. over.

8.15.1 PERMITTED USES

Primary use : Shops, business premises, light industrial buildings, warehouses and combined buildings.

Consent uses: industrial buildings, places of assembly, places of instruction, public garage and service station.

8.15.2 LAND USE RESTRICTIONS

8.15.2.1 COVERAGE

At most 75 %

8.15.2.2 FLOOR FACTOR

(a) The maximum permissible floor factor on any erf within this zone shall be 0,9; provided that the maximum total permissible floor factor of all erven within this zone shall not exceed 0,6.

(b) Of the actual floor area of any building on any erf within this zone no less than 30 % shall be used for industrial uses, the balance to be used for commercial uses.

(c) With the consent of the Council the provisions of clause 8.15.2.2(b) may be departed from and the Council shall, in granting approval, impose such conditions relating to the provision of parking as is set out in clause 8.15.2.5.

(d) For the purposes of clause 8.15.2.2(b), the terms "commercial uses" and "industrial uses" shall have the following meanings:

(i) "commercial uses" includes uses which require the following buildings: business premises, shops, places of assembly, places of instruction, public garages and service stations

(ii) "Nywerheidsgebruike" sluit gebruike in waarvoor die volgende geboue nodig is: ligte nywerheidsgeboue, pakhuise en nywerheidsgeboue

(iii) In die geval van 'n saamgestelde gebou word die werklike vloeroppervlakte wat benut word vir onderskeidelik kommersiële en nywerheidsgebruike bereken ten einde die verhoudings in klousule 8.15.2.2(b) te bepaal.

(ii) "Industrial uses" includes uses which require the following buildings: light industrial buildings, warehouses and industrial buildings

(iii) In the case of a combined building, the actual floor area which is used for commercial and industrial uses respectively shall be calculated for the purposes of determining the ratios determined in clause 8.15.2.2(b).

8.15.2.3 HOOGTE

Hoogstens vier (4) verdiepings

8.15.2.3 HEIGHT

At most four (4) storeys

8.15.2.4 BOULYNE

(a) Straatboulyne : winkels en sakegeboue mag op die straatgrens opgerig word. Geen ander gebou mag nader as 3 m aan die straatgrens opgerig word nie.

(b) Kantboulyne : geboue mag op kantgrense van 'n erf opgerig word onderworpe aan die bepalings van klousule 8.15.2.4(d).

(c) Gemeenskaplike grense : indien die gemeenskaplike grens tussen twee erwe die grens tussen hierdie sone en enige ander sone (publieke oop ruimte uitgesluit) uitmaak, mag geen gebou in hierdie sone nader as 3 m aan sodanige grens opgerig word nie.

(d) 'n Gebou mag slegs op die kantgrens van 'n erf opgerig word indien geen vensters, deure of ventilasie-openinge in enige muur aan sodanige grens aangebring word nie.

8.15.2.4 BUILDING LINES

(a) Street building line : shops and business premises may be erected on the street boundary. No other building shall be erected closer than 3 m from the street boundary.

(b) Side building line : buildings may be erected on the side boundary of any erf subject to the provisions of clause 8.15.2.4(d).

(c) Common boundaries : if the common boundary between two erven forms the boundary between this zone and any other zone (excluding public open space) no building in this zone shall be erected closer than 3 m from such boundary.

(d) A building shall only be erected on the side boundary of an erf if no windows, doors or ventilation openings are inserted in any wall on such boundary.

8.15.2.5 PARKERING

Op elke erf in hierdie sone word voorsiening gemaak vir parkering in ooreenstemming met die volgende vereistes:

(a) Parkering word voorsien teen 'n verhouding van 3,33 parkeerplekke per 100 m² bruto vloeroppervlakte.

8.15.2.5 PARKING

On any erf within this zone provision shall be made for parking in accordance with the following requirements:

(a) Parking shall be provided at a ratio of 3,33 parking bays for every 100 m² of gross floor area.

(b) Indien die ontwikkeling van enige erf in hierdie sone geskied in 'n verhouding van kommersiële tot nywerheidsgebruike wat nie in ooreenstemming is met die verhouding in klousule 8.15.2.2(b) nie, word parkering soos volg voorsien:

(i) Sakegeboue en Winkels:
4 parkeerplekke per 100 m² bruto vloeroppervlakte

(ii) Ligte nywerheidsgeboue en Pakhuise:
1 parkeerplek per 100 m² bruto vloeroppervlakte

(iii) Vergaderplekke en Onderwysplekke:
1 parkeerplek per 20 sitplekke, met 'n minimum van 15 parkeerplekke per lykbesorgingslokaal

(iv) Openbare Garages en Diensstasies:
4 parkeerplekke per smeervak of wasvak, met 'n minimum van 8 parkeerplekke per Garage/ Diensstasie

(v) Saamgestelde Geboue:
Parkering word voorsien in ooreenstemming met die werklike vloeroppervlakte wat benut word vir elke grondgebruik en in die verhouding soos in klousules 8.15.2.5(b)(i) tot 8.15.2.5(b)(iv) hierbo genoem.

8.15.2.6 ONDERVERDELING

